



RAAD OP REKENINGKUNDIGE STANDAARDE

STANDAARD VAN ALGEMEEN ERKENDE

REKENINGKUNDIGE PRAKTYK

KONSTRUKSIEKONTRAKTE

(AERP 11)

Erkenning

Hierdie Standaard van Algemeen Erkende Rekeningkundige Praktyk (AERP) kom primêr uit die International Public Sector Accounting Standard (IPSAS) oor *Construction Contracts* wat deur die International Federation of Accountants se International Public Sector Accounting Standards Board (IPSASB) uitgegee is. Die International Federation of Accountants (IFAC) is in 1977 gestig met die missie om die professie deur geharmonieerde standaarde te ontwikkel en te verbeter. IPSASB het 'n omvattende korpus van IPSAS'e uitgegee, wat gebruik sal word om toekomstige Standaarde van AERP te produseer. Uittreksels uit die IPSAS oor *Construction Contracts* word met die toestemming van die IPSASB in hierdie Standaard van AERP gereproduseer.

Die goedgekeurde teks van die IPSAS'e is dié wat deur die IFAC in die Engelse taal gepubliseer is. Die IPSAS'e is vervat in die IFAC se Handbook of International Public Sector Accounting Pronouncements en kan verkry word van:

International Federation of Accountants

545 Fifth Avenue, 14th Floor

New York, New York 10017 USA

Internet: <http://www.ifac.org>

Kopiereg vir IPSAS'e, konsepte vir kommentaar en ander publikasies van die IPSASB is in die IFAC gevestig en die bepalings en voorwaardes wat daaraan verbonde is, moet nagekom word.

Raad op Rekeningkundige Standaarde

Posbus 74129

Lynnwoodrif

0040

Kopiereg © 2010 deur die Raad op Rekeningkundige Standaarde

Alle regte voorbehou. Geen deel van hierdie publikasie mag sonder voorafgaande toestemming van die Raad op Rekeningkundige Standaarde in 'n stelsel vir inligtingsontsluiting bewaar of in enige vorm of op enige wyse, elektronies, meganies, deur fotokopiëring, by wyse van 'n opname of andersins gereproduseer of weergegee word nie.

Toestemming om beperkte uittreksels uit die publikasie te reproduseer sal gewoonlik nie weerhou word nie.

Inhoud

Standaard van Algemeen Erkende Rekeningkundige Praktyk Konstruksiekontrakte

	Paragrawe
Inleiding	
Doelstelling	.01 - .04
Omvang	.05 - .07
Woordomsrywings	.08 - .16
Konstruksiekontrakte	.09 - .15
Kontrakteur	.16
Kombinerings en segmentering van konstruksiekontrakte	.17 - .20
Kontrakinkomste	.21 - .27
Kontrakkoste	.28 - .34
Erkenning van kontrakinkomste en -uitgawes	.35 - .48
Erkenning van verwagte tekorte	.49 - .53
Veranderinge in ramings	.54
Openbaarmaking	.55 - .61
Oorgangsbepalings	.62 - .63
Aanvanklike aanvaarding van die Standaarde van AERP	.62
Wysigings aan die Standaarde van AERP	.63
Datum van inwerkingtrede	.64 - .65
Aanvanklike aanvaarding van die Standaarde van AERP	.64
Entiteite wat reeds Standaarde van AERP toepas	.65
Herroeping van die Standaard van AERP oor <i>Konstruksiekontrakte</i> (2006)	.66
Vergelyking met die International Public Sector Accounting Standard oor <i>Construction Contracts</i> (Julie 2001)	

KONSTRUKSIEKONTRAKTE

Hierdie Standaard is oorspronklik in Desember 2006 deur die Raad op Rekeningkundige Standaarde (die Raad) uitgegee. Sedertdien is dit deur die volgende gewysig:

- Verbeterings aan die Standaard van AERP wat in Februarie 2010 deur die Raad uitgegee is.
- Gevolglike wysigings na aanleiding van die hersiening van AERP 5 *Leenkoste* en AERP 100 *Gestaakte Bedrywighe* in 2013.
- Verbeterings aan die Standaard van AERP wat in November 2013 deur die Raad uitgegee is.
- Gevolglike wysigings toe die volgende Standaarde van AERP in werking getree het:
 - AERP 105 *Oordragte van Funksies tussen Entiteite onder Gemeenskaplike Beheer*
 - AERP 106 *Oordragte van Funksies tussen Entiteite nie onder Gemeenskaplike Beheer nie*
 - AERP 107 *Samesmeltings*

'n Bygewerkte eksemplaar van die wysigings wat as deel van die Verbeteringsprojek (2013) aan AERP 11 aangebring is, asook die jongste gevolglike wysigings is op die webwerf beskikbaar.

Inleiding

Standaard van Algemeen Erkende Rekeningkundige Praktyk

Daar word ingevolge die Wet op Openbare Finansiële Bestuur, Wet No. 1 van 1999, soos gewysig (WOFB), van die Raad op Rekeningkundige Standaarde (die Raad) vereis om algemeen erkende rekeningkundige praktyk genaamd Standaard van Algemeen Erkende Rekeningkundige Praktyk (AERP) te bepaal.

Die Raad moet AERP bepaal vir:

- (a) departemente (met inbegrip van nasionale en provinsiale en regeringskomponente);
- (b) openbare entiteite;
- (c) handelsentiteite (soos in die WOFB omskryf);
- (d) grondwetlike instellings;
- (e) munisipaliteite en rade, kommissies, maatskappye, korporasies, fondse of ander entiteite onder die eienaarsbeheer van 'n munisipaliteit; en
- (f) die Parlement en die provinsiale wetgewers.

Bogenoemde word gesamentlik “entiteite” genoem.

AERP 11

Die Raad het die toepassing van Standpunte oor Algemeen Aanvaarde Rekeningkundige Praktyk (AARP) soos op 1 April 2012, soos dit deur die Raad op Rekeningkundige Praktyke gekodifiseer en deur die Suid-Afrikaanse Instituut van Geoktrooieerde Rekenmeesters uitgegee is, goedgekeur om AERP te wees vir:

- (a) staatsakeondernemings (soos in die WOFB omskryf);
- (b) enige ander entiteit, uitgesonderd 'n munisipaliteit, waarvan die gewone aandele, potensiële gewone aandele of skuld openbaar op die kapitaalmarkte verhandelbaar is; en
- (c) entiteite onder die eienaarsbeheer van enigiemand van hierdie entiteite.

Die Raad het die toepassing van die International Financial Reporting Standards (IFRSs) uitgegee deur die International Accounting Standards Board goedgekeur as AERP vir hierdie entiteite waar hulle IFRS'e toepas.

Finansiële state moet beskryf word as sou dit aan Standaarde van AERP voldoen slegs indien hulle aan al die vereistes van elke toepaslike Standaard van AERP en enige verbandhoudende Vertolkings van die Standaarde van AERP voldoen.

Enige beperking op die toepaslikheid van spesifieke Standaarde of Vertolkings word in daardie Standaarde of Vertolkings van die Standaarde van AERP duidelik gemaak.

Die Standaard van AERP word in paragraaf .01 tot .66 uiteengesit. Alle paragrawe in hierdie Standaard van AERP is ewe gesaghebbend. Die status en gesag van bylaes word in die aanhef tot elke bylae behandel. Hierdie Standaard moet gelees word in die konteks van die doelstelling daarvan, die grondslag vir gevolgtrekkings, indien toepaslik, die *Voorwoord tot Standaarde van AERP*, die *Voorwoord tot die Vertolking van die Standaarde van AERP* en die *Raamwerk vir die Opstel en Aanbieding van Finansiële State*.

Standaarde van AERP en Vertolkings van die Standaarde van AERP moet ook in samehang gelees word met enige lasgewings wat deur die Raad uitgegee word waarin oorgangsbepalings voorgeskryf word, asook saam met enige regulasies wat deur die Minister van Finansies uitgereik is ten opsigte van die datums van inwerkingtrede van die Standaarde van AERP, soos in die Staatskoerant gepubliseer is.

Daar kan 'n verwysing wees na 'n Standaard van AERP wat nog nie uitgegee is op die tydstip wanneer hierdie Standaard uitgegee word nie. Dit word gedoen om te vermy om die Standaard wat reeds uitgegee is, te verander wanneer 'n latere Standaard uitgegee word. Paragraaf .11 van die Standaard van AERP oor *Rekeningkundige Beleide, Veranderinge in Rekeningkundige Ramings en Foute* voorsien in die afwesigheid van uitdruklike leiding 'n grondslag vir die keuse en toepassing van rekeningkundige beleide.

Doelstelling

- .01 Die doel met hierdie Standaard is om die rekeningkundige behandeling van koste en inkomste wat met konstruksiekontrakte verband hou, voor te skryf. Die Standaard:
- identifiseer die ooreenkomste wat as konstruksiekontrakte geklassifiseer moet word;
 - bied riglyne oor die soorte konstruksiekontrakte wat in die openbare sektor tot stand kan kom; en
 - spesifiseer die grondslag vir erkenning en openbaarmaking van kontrakuitgawes en, indien tersaaklik, kontrakinkomste.
- .02 Vanweë die aard van die bedrywigheid wat in konstruksiekontrakte onderneem word, val die datum waarop die kontrakbedrywigheid aangegaan word en die datum waarop die bedrywigheid afgehandel word gewoonlik in verskillende verslagdoeningstydperke.
- .03 Sekere konstruksiekontrakte wat deur entiteite aangegaan word, sal nie 'n kontrakinkomstebedrag spesifiseer nie. Befondsing ter ondersteuning van die konstruksiebedrywigheid sal eerder verskaf word deur 'n bewilliging of vergelykbare toewysing van algemene staatsinkomste, of deur hulp- of toekenningsfondse. In hierdie gevalle is die primêre doel met die rekeningkundige verantwoording van konstruksiekontrakte die toewysing van konstruksiekoste aan die verslagdoeningstydperk waarin die konstruksiewerk uitgevoer word en die erkenning van verwante uitgawes.
- .04 Konstruksiekontrakte wat deur entiteite aangegaan word, kan vasgestel word op 'n kommersiële grondslag of 'n nie-kommersiële grondslag waarvolgens koste ten volle of gedeeltelik ingevorder word. In hierdie gevalle is die primêre doel met die rekeningkundige verantwoording van konstruksiekontrakte die toewysing van sowel kontrakinkomste as kontrakinkoste aan die verslagdoeningstydperk waarin die konstruksiewerk uitgevoer word.

Omvang

- .05 ***'n Kontrakteur wat finansiële state ooreenkomstig die toevallingsgrondslag van rekeningkunde opstel en aanbied, moet in die rekeningkundige verantwoording van konstruksiekontrakte hierdie Standaard toepas:***
- .06 'n Kontrakteur raak betrokke by kontrakteursbedrywighe. Gevolglik

AERP 11

verteenwoordig geboue wat die entiteit vir homself oprig, nie kontrakteursbedrywighede nie. Om die toepaslike rekeningkundige verantwoording vir sodanige items vas te stel, moet die entiteit die Standaarde van AERP oor *Voorraad*, oor *Beleggingseiendom* of oor *Eiendom, Aanleg en Toerusting* raadpleeg.

- .07 Hierdie Standaard is nie van toepassing op die aanvanklike erkenning en aanvanklike meting van items in 'n konstruksiekontrak wat in 'n oordrag van funksies tussen entiteite onder gemeenskaplike beheer (kyk die Standaard van AERP oor *Oordrag van Funksies tussen Entiteite onder Gemeenskaplike Beheer*) of 'n samesmelting verkry is nie (kyk die Standaard van AERP oor *Samesmeltings*).

Woordomsrywings

- .08 ***Die volgende terme word in hierdie Standaard gebruik, met die gespesifiseerde betekenis:***

Konstruksiekontrak is 'n kontrak of 'n soortgelyke bindende reëling wat spesifiek beding is vir die konstruksie van 'n bate of 'n kombinasie van bates wat nou onderling verwant of onderling afhanklik is ten opsigte van die ontwerp, tegnologie en funksie daarvan, of die uiteindelige doel of gebruik daarvan.

Kontrakteur is 'n entiteit wat konstruksiewerk ingevolge 'n konstruksiekontrak uitvoer.

Kosprysplus- of kosprysgebaseerde kontrak is 'n konstruksiekontrak waarin die kontrakteur vergoed word vir toelaatbare of andersins omskrewe koste en, in die geval van 'n kommersieel gebaseerde kontrak, 'n bykomende persentasie van hierdie koste of 'n vaste tarief, indien daar is.

Vastepryskontrak is 'n konstruksiekontrak waarin die kontrakteur tot 'n vaste kontrakprys instem, of 'n vaste tarief per uitseteenheid, wat in sommige gevalle aan koste-eskalasieklousules onderworpe is.

Terme wat in ander Standaarde van Algemeen Erkende Rekeningkundige Praktyk omskryf word, word in hierdie Standaard met dieselfde betekenis gebruik as in daardie ander Standaarde.

Konstruksiekontrakte

- .09 'n Konstruksiekontrak (die terme “konstruksiekontrak” en “kontrak” word in die res van hierdie Standaard uitruilbaar gebruik) kan beding word vir die bou van 'n enkele bate soos 'n brug, gebou, dam, pyplyn, pad, skip of tonnel. 'n Konstruksiekontrak kan ook handel oor die konstruksie van 'n aantal bates wat nou verweef is of onderling afhanklik is ten opsigte van hul ontwerp, tegnologie

AERP 11

en funksie of hul uiteindelijke doel of gebruik. Voorbeelde van sodanige kontrakte behels dié wat te make het met die konstruksie van watervoorsieningsnetwerke, raffinaderye en ander ingewikkelde infrastruktuurbates.

- .10 Vir die doel van hierdie Standaard sluit konstruksiekontrakte die volgende in:
- (a) kontrakte vir die lewering van dienste wat regstreeks verwant is aan die konstruksie van die bate, byvoorbeeld kontrakte insake die dienste van projekbestuurders en argitekte; en
 - (b) kontrakte vir die sloping of restourasie van bates, en die restourasie van die omgewing ná die sloping van bates.
- .11 'n Entiteit evalueer die bepalinge en voorwaardes van elke kontrak wat met kliënte gesluit word om te bepaal of die kontrak 'n konstruksiekontrak is al dan nie. Om vas te stel of die kontrak 'n konstruksiekontrak is, moet 'n entiteit hom afvra of hy 'n kontrakteur is, soos beskryf in paragraaf .16 van hierdie Standaard. 'n Munisipaliteit gaan byvoorbeeld 'n ooreenkoms met 'n provinsiale departement van openbare werke aan om bepaalde professionele dienste te lewer wat op die konstruksie van 'n pad betrekking het, maar die departement het 'n private konstruksie maatskappy aangestel om die werklike konstruksie te onderneem. Die munisipaliteit sal ook die vloei van fondse van die departement van openbare werke na die konstruksie maatskappy bestuur. In hierdie voorbeeld tree die munisipaliteit hoofsaaklik as 'n agent op en nie as 'n kontrakteur nie, aangesien hy nie dienste met betrekking tot die konstruksie van 'n bate lewer nie. Die munisipaliteit moet bepaal of die professionele dienste wat as deel van die reëling gelewer word, binne die omvang van hierdie Standaard of die Standaard van AERP oor *Inkomste uit Uitruiltransaksies* val.
- .12 Vir die doel van hierdie Standaard sluit konstruksiekontrakte ook alle reëlings in wat bindend is op die partye by die ooreenkoms, maar wat nie die vorm van 'n gedokumenteerde kontrak aanneem nie. Mits die reëling vergelykbare regte en verpligtinge aan die betrokke partye oordra asof dit die vorm van 'n kontrak aangeneem het, is dit vir doeleindes van hierdie Standaard 'n konstruksiekontrak. Sulke bindende ooreenkomste kan 'n ministeriële opdrag, 'n kabinetsbesluit, 'n wetgewende opdrag (soos 'n wet van die Parlement) of 'n memorandum van verstandhouding insluit (hoewel dit nie daartoe beperk is nie).
- .13 Konstruksiekontrakte word op verskillende maniere geformuleer wat, vir die doel van hierdie Standaard, as vastepryskontrakte en kosteplus- of kostegebaseerde kontrakte geklassifiseer word. Sommige kommersiële konstruksiekontrakte kan oor die kenmerke van sowel 'n vastepryskontrak as 'n kosteplus- of kostegebaseerde kontrak beskik, byvoorbeeld in die geval van 'n kosteplus- of kostegebaseerde kontrak met 'n ooreengekome maksimum prys. In sulke omstandighede moet 'n kontrakteur al die bepalinge in paragraaf .36 en .37

AERP 11

oorweeg ten einde vas te stel wanneer kontrakinkomste en -uitgawes erken moet word.

- .14 Kostepius- of kostegebaseerde kontrakte behels sowel kommersiële as nie-kommersiële kontrakte. 'n Kommersiële kontrak sal spesifiseer dat inkomste wat die oprigter se konstruksiekoste soos ooreengekom moet dek en 'n winsmarge moet voortbring, deur die ander partye by die kontrak voorsien moet word. 'n Entiteit kan egter ook 'n nie-kommersiële kontrak aangaan om 'n bate vir 'n ander entiteit op te rig in ruil vir volle of gedeeltelike terugbetaling van koste deur daardie entiteit of ander partye. In sommige gevalle kan die kosteverhaling bestaan uit betalings deur die ontvangerentiteit en spesifiekedoel-konstruksietoekenings of befondsing deur ander partye.
- .15 Soms kan een entiteit vir 'n ander entiteit bates oprig sonder om die koste van konstruksie regstreeks van die ontvangerentiteit te verhaal. Die konstruksiebedrywigheid word eerder onregstreeks by wyse van 'n algemene toewysing of ander toedeling van algemene staatsfondse aan die kontrakteur befonds, of vanuit toelaes vir algemene doeleindes vanaf derdeparty-befondsingsagentskappe of ander owerhede. Dit word vir doeleindes van hierdie Standaard as vasteprijskontrakte geklassifiseer.

Kontrakteur

- .16 'n Kontrakteur is 'n entiteit wat 'n kontrak aangaan om strukture te bou, fasiliteite op te rig, goedere te produseer of dienste te lewer volgens die spesifikasies van 'n ander entiteit, hetsy self of deur die benutting van subkontrakteurs. Die term "kontrakteur" sluit dus 'n algemene of hoofkontrakteur, 'n subkontrakteur vir 'n algemene kontrakteur, of 'n konstruksiebestuurder in.

Kombinering en segmentering van konstruksiekontrakte

- .17 Die vereistes van hierdie Standaard word gewoonlik afsonderlik op elke konstruksiekontrak toegepas. In sekere omstandighede is dit egter nodig om die Standaard op die afsonderlik identifiseerbare komponente van 'n enkele kontrak of op 'n groep kontrakte saam toe te pas ten einde die wese van 'n kontrak of 'n groep kontrakte weer te gee.
- .18 ***Wanneer 'n kontrak 'n aantal bates dek, moet die konstruksie van elke bate as 'n afsonderlike konstruksiekontrak behandel word indien:***
 - (a) afsonderlike voorleggings vir elke bate voorgelê is;***
 - (b) elke bate aan afsonderlike onderhandeling onderwerp word, en die kontrakteur en kliënt in staat was om daardie deel van die kontrak wat met elke bate verband hou, te aanvaar of te verwerp; en***
 - (c) die koste en inkomste van elke bate geïdentifiseer kan word.***

- .19** *'n Groep kontrakte, hetsy met 'n enkele kliënt of met afsonderlike kliënte, moet as 'n enkele konstruksiekontrak behandel word indien:*
- (a) die groep kontrakte as 'n enkele pakket beding word;*
 - (b) die kontrakte so nou verweef is dat hulle, in wese, deel is van 'n enkele projek met 'n geheelmarge, indien hoegenaamd; en*
 - (c) die kontrakte gelyktydig of in 'n aaneenlopende volgorde uitgevoer word.*
- .20** *'n Kontrak kan na die keuse van die kliënt voorsiening maak vir die konstruksie van 'n bykomende bate of kan gewysig word om die konstruksie van 'n bykomende bate in te sluit. Die konstruksie van 'n bykomende bate moet as 'n afsonderlike konstruksiekontrak behandel word indien:*
- (a) die bate wat ontwerp, tegnologie of funksie betref, beduidend verskil van die bate of bates wat deur die oorspronklike kontrak gedek word; of*
 - (b) die prys van die bate beding word sonder inagneming van die oorspronklike kontrakprys.*

Kontrakinkomste

- .21** *Kontrakinkomste moet die volgende insluit:*
- (a) die aanvanklike inkomstebedrag waaroor in die kontrak ooreengekom is; en*
 - (b) afwykings in kontrakwerk, eise en aansporingsbetalings in die mate waarin:*
 - (i) dit waarskynlik is dat hulle inkomste tot gevolg sal hê; en*
 - (ii) hulle betroubaar gemeet kan word.*
- .22** Kontrakinkomste word gemeet aan die billike waarde van die teenprestasie wat ontvang of ontvangbaar is. Beide die aanvanklike en die deurlopende meting van kontrakinkomste word beïnvloed deur 'n verskeidenheid van onsekerhede wat afhang van die uitkomste van toekomstige gebeure. Dit is dikwels nodig om ramings te hersien namate gebeure hulle voordoën en onsekerhede opgelos word. Indien 'n kontrak 'n kosprysplus- of kosprysgebaseerde kontrak is, kan die aanvanklike inkomstebedrag moontlik nie in die kontrak getoon word nie. In plaas daarvan mag dit nodig wees om dit te raam op 'n grondslag wat in ooreenstemming is met die bepalinge en voorwaardes van die kontrak, soos met verwysing na verwagte koste oor die lewensduur van die kontrak.

AERP 11

- .23 Daarbenewens kan die bedrag van kontrakinkomste van een tydperk na 'n volgende een toeneem of afneem. Voorbeelde:
- (a) 'n kontrakteur en 'n kliënt kan ooreenkom oor variasies of eise wat kontrakinkomste laat toeneem of afneem in 'n tydperk ná dié waaroor daar aanvanklik in die kontrak ooreengekom is;
 - (b) die inkomstebedrag waaroor in 'n vasteprys-, kosprysplus- of kosprysgebaseerde kontrak ooreengekom is, kan as gevolg van kosteverhogings- of ander klousules styg;
 - (c) die kontrakinkomstebedrag kan verminder as gevolg van boetes wat voortspruit uit vertragings in die afhandeling van die kontrak wat deur die kontrakteur veroorsaak is; of
 - (d) indien 'n vastepryskontrak 'n vaste prys per produksie-eenheid behels, styg of daal kontrakinkomste namate die getal eenhede vermeerder of verminder word.
- .24 'n Wysiging is 'n opdrag deur die kliënt vir 'n verandering in die omvang van die werk wat ingevolge die kontrak uitgevoer moet word. 'n Wysiging kan lei tot 'n toename of afname in kontrakinkomste. Voorbeelde van wysigings is veranderinge in die spesifikasies of ontwerp van die bate en veranderinge in die duur van die kontrak. 'n Wysiging word by kontrakinkomste ingesluit indien:
- (a) dit waarskynlik is dat die kliënt die wysiging en die inkomstebedrag wat uit die wysiging voortspruit, sal goedkeur; en
 - (b) die inkomstebedrag betroubaar gemeet kan word.
- .25 'n Eis is 'n bedrag wat die kontrakteur van die kliënt of 'n ander party wil invorder as vergoeding vir koste wat nie in die kontrakprys ingesluit is nie. 'n Eis kan byvoorbeeld voortspruit uit vertragings wat deur die kliënt veroorsaak is, foute in spesifikasies of ontwerp, en betwiste wysigings in kontrakwerk. Die meting van die inkomstebedrae wat uit eise voortspruit, is onderhewig aan 'n hoë vlak van onsekerheid en hang dikwels van die uitkoms van onderhandelinge af. Derhalwe word eise eers by kontrakinkomste ingesluit indien:
- (a) onderhandelinge so 'n gevorderde stadium bereik het dat dit waarskynlik is dat die kliënt die eis sal aanvaar; en
 - (b) die bedrag wat waarskynlik deur die kliënt aanvaar sal word, betroubaar gemeet kan word.
- .26 Aansporingsbetalings is bykomende bedrae wat aan die kontrakteur betaal word indien daar aan gespesifiseerde prestasiestandaarde voldoen word of dit oortref word. 'n Kontrak kan byvoorbeeld voorsiening maak vir 'n aansporingsbetaling aan die kontrakteur vir die vroeë afhandeling van die kontrak. Aansporingsbetalings is by kontrakinkomste ingesluit indien:

- (a) die kontrak genoegsaam gevorderd is dat dit waarskynlik is dat daar aan die gespesifiseerde prestasiestandaarde voldoen sal word of die standarde oortref sal word; en
 - (b) die bedrag van die aansporingsbetaling betroubaar gemeet kan word.
- .27 Kontrakteurs moet alle bedrae rakende die konstruksiekontrak wat regstreeks deur derdeparty-befondsingsagentskappe aan subkontrakteurs betaal word, nagaan om vas te stel of hulle voldoen aan die omskrywing van en erkenningsmaatstawwe vir inkomste van die kontrakteur ingevolge die bedinge van die kontrak. Bedrae wat aan die omskrywing van en erkenningsmaatstawwe vir inkomste voldoen, moet op dieselfde wyse as ander kontrakinkomste deur die kontrakteur verantwoord word. Sodanige bedrae moet ook as kontrakkoste erken word (raadpleeg paragraaf .30). Befondsingsagentskappe kan nasionale en internasionale hulpagentskappe asook multilaterale en bilaterale ontwikkelingsbanke insluit.

Kontrakkoste

.28 Kontrakkoste behels die volgende:

- (a) koste wat regstreeks met die spesifieke kontrak verband hou;**
- (b) koste wat aan kontrakbedrywigheid oor die algemeen toeskryfbaar is en op 'n sistematiese en rasonale grondslag aan die kontrak toegewys kan word; en**
- (c) sodanige ander koste as wat spesifiek kragtens die bepalinge van die kontrak aan die kliënt debiteerbaar is.**

- .29 Koste wat regstreeks met die spesifieke kontrak verband hou, sluit die volgende in:
- (a) terreinarbeidskoste, met inbegrip van terreintoesig;
 - (b) koste van materiaal wat in die konstruksiewerk gebruik word;
 - (c) waardevermindering van aanleg en toerusting wat in die kontrakwerk gebruik word;
 - (d) koste van die verskuiwing van aanleg, toerusting en materiaal na en van die kontrakterrein;
 - (e) koste van die huur van aanleg en toerusting;
 - (f) koste van ontwerp en tegniese bystand wat regstreeks met die kontrak verband hou;
 - (g) die geraamde koste van regstelling en waarborgwerk, met inbegrip van verwagte waarborgkoste; en

(h) eise van derdepartye..

Hierdie koste kan verminder word met enige bykomstige inkomste wat nie by kontrakinkomste ingesluit is nie, byvoorbeeld uit die verkoop van surplusmateriaal aan die einde van die kontrak.

.30 Kontrakteurs moet alle bedrae wat op die konstruksiekontrak betrekking het en regstreeks aan subkontrakteurs betaal is, asook wat deur derdepartybefondsingsagentskappe terugbetaal is, nagaan om vas te stel of dit as kontrakinkomste kwalifiseer. Bedrae wat voldoen aan die omskrywing van en erkenningsmaatstawwe vir kontrakinkomste moet op dieselfde wyse as ander kontrakinkomste deur die kontrakteur verantwoord word. Bedrae wat deur derdepartybefondsingsagentskappe terugbetaal word en voldoen aan die omskrywing van en erkenningsmaatstawwe vir inkomste moet op dieselfde wyse as ander kontrakinkomste deur die kontrakteur verantwoord word (kyk paragraaf .27).

.31 Koste wat oor die algemeen aan kontrakbedrywighede toeskryfbaar kan wees en aan spesifieke kontrakte toegewys kan word, sluit die volgende in:

- (a) versekering;
- (b) ontwerp-koste wat nie regstreeks met 'n spesifieke kontrak verband hou nie; en
- (c) konstruksieboek-koste.

Sodanige koste word toegewys met behulp van metodes wat sistematies en rasioneel is en konsekwent toegepas word op alle koste wat oor vergelykbare kenmerke beskik. Die toewysing is gegrond op die normale vlak van konstruksiebedrywighede. Konstruksieboek-koste behels koste soos die opstel en verwerking van die konstruksiepersoneel se betaalstaat. Koste wat aan kontrakbedrywighede oor die algemeen toeskryfbaar kan wees en aan spesifieke kontrakte toegewys kan word, sluit ook leenkoste in wanneer die kontrakteur die toegelate alternatiewe behandeling in die Standaard van AERP oor *Leenkoste* aanvaar.

.32 Koste wat ooreenkomstig die bepalings van die kontrak spesifiek aan die kliënt toeskryfbaar is, kan die een of ander algemene administratiewe koste en ontwikkelingskoste insluit waarvoor terugbetaling ooreenkomstig die kontrak gespesifiseer is.

.33 Koste wat nie aan kontrakbedrywighede toegeskryf kan word nie of nie aan 'n kontrak toegewys kan word nie, word uit die koste van 'n konstruksiekontrak uitgesluit. Sodanige koste sluit die volgende in:

- (a) algemene administratiewe koste waarvoor terugbetaling nie in die kontrak gespesifiseer is nie;

- (b) verkoopkoste;
 - (c) navorsings- en ontwikkelingskoste waarvoor terugbetaling nie in die kontrak gespesifiseer is nie; en
 - (d) waardevermindering van aanleg en toerusting wat nie vir 'n bepaalde kontrak gebruik word nie.
- .34 Kontrakkoste sluit die koste in wat aan 'n kontrak toeskryfbaar is vir die tydperk vanaf die datum van sluiting van die kontrak tot die finale afhandeling daarvan. Koste wat egter regstreeks met 'n kontrak verband hou en ter versekering van kontraksluiting aangegaan word, word ook as deel van die kontrakkoste ingesluit indien dit afsonderlik geïdentifiseer en betroubaar gemeet kan word, en dit waarskynlik is dat die kontrak verkry sal word. Wanneer koste aangegaan ter verkryging van 'n kontrak as 'n uitgawe erken word in die tydperk waarin dit aangegaan word, word dit nie by kontrakkoste ingesluit wanneer die kontrak in 'n latere tydperk verkry word nie.

Erkenning van kontrakinkomste en -uitgawes

- .35 ***Wanneer die uitkoms van 'n konstruksiekontrak betroubaar geraam kan word, moet kontrakinkomste en kontrakkoste wat met die konstruksie verband hou, as inkomste en uitgawes onderskeidelik erken word, met verwysing na die stadium van voltooiing van die kontrakbedrywigheid op die verslagdoeningsdatum. 'n Verwagte tekort op 'n konstruksiekontrak waarop paragraaf .49 van toepassing is, moet ooreenkomstig paragraaf .49 onmiddellik as 'n uitgawe erken word.***
- .36 ***In die geval van 'n vastepryskontrak kan die uitkoms van 'n konstruksiekontrak betroubaar geraam word indien daar aan al die volgende voorwaardes voldoen word:***
- (a) die totale kontrakinkomste, indien daar is, moet betroubaar gemeet kan word;***
 - (b) dit moet waarskynlik wees dat die ekonomiese voordele of dienspotensiaal geassosieer met die kontrak na die entiteit sal vloei;***
 - (c) sowel die kontrakkoste om die kontrak af te handel as die voltooiingsstadium van die kontrak op die verslagdoeningsdatum moet betroubaar gemeet kan word; en***
 - (d) die kontrakkoste wat aan die kontrak toeskryfbaar is, moet duidelik geïdentifiseer en betroubaar gemeet kan word sodat werklike kontrakkoste wat aangegaan word, met vorige ramings vergelyk kan word.***
- .37 ***In die geval van 'n kosteplus- of kostegebaseerde kontrak kan die uitkoms***

AERP 11

van 'n konstruksiekontrak betroubaar geraam word indien daar aan al die volgende voorwaardes voldoen word:

- (a) dit moet waarskynlik wees dat die ekonomiese voordele of dienspotensiaal wat met die kontrak geassosieer word, na die entiteit sal vloei; en**
- (b) die kontrakkoste wat aan die kontrak toeskryfbaar is, of dit spesifiek terugbetaalbaar is al dan nie, moet duidelik geïdentifiseer en betroubaar gemeet kan word.**

- .38 Daar word dikwels met verwysing na die stadium van voltooiing van 'n kontrak na die erkenning van inkomste en uitgawes as die persentasie-van-voltooiing-metode verwys. Ingevolge hierdie metode word kontrakinkomste gepaar met die kontrakkoste wat aangegaan word ter bereiking van die stadium van voltooiing, wat die verslagdoening oor inkomste, uitgawes en surplus/tekort in die lig van die voltooide gedeelte van die werk tot gevolg het. Hierdie metode verskaf nuttige inligting oor die omvang van die kontrakbedrywigheid en die prestasie gedurende 'n tydperk.
- .39 Ingevolge die persentasie-van-voltooiing-metode word kontrakinkomste as inkomste in surplus of tekort erken in die verslagdoeningstydperke waarin die werk uitgevoer word. Kontrakkoste word gewoonlik as 'n uitgawe in surplus of tekort erken in die verslagdoeningstydperke waarin die werk waarop dit betrekking het, uitgevoer word. Waar dit egter by die aanvang van die kontrak die bedoeling is dat kontrakkoste volledig van die partye by die konstruksiekontrak verhaal moet word, word enige verwagte oorskot van totale kontrakkoste oor totale kontrakinkomste vir die kontrak onmiddellik ooreenkomstig paragraaf .49 as 'n uitgawe erken.
- .40 'n Kontrakteur kon kontrakkoste aangegaan het wat betrekking het op toekomstige bedrywigheide ingevolge die kontrak. Sodanige kontrakkoste word as 'n bate erken mits dit waarskynlik is dat dit verhaal kan word. Daardie koste verteenwoordig 'n bedrag deur die kliënt verskuldig en word dikwels as onvoltooide kontrakwerk geklassifiseer.
- .41 Die uitkoms van 'n konstruksiekontrak kan slegs betroubaar geraam word as dit waarskynlik is dat die ekonomiese voordele of dienspotensiaal wat met die kontrak geassosieer word, na die entiteit sal vloei. Wanneer daar egter onsekerheid bestaan oor die invorderbaarheid van 'n bedrag wat reeds by kontrakinkomste ingesluit is en reeds in surplus of tekort erken word, word die oninvorderbare bedrag, of die bedrag ten opsigte waarvan invordering opgehou het om waarskynlik te wees, as 'n uitgawe eerder as 'n aansuiwering van die kontrakinkomstebedrag erken.
- .42 'n Entiteit is in die reël in staat om betroubare ramings te maak nadat ooreengekom is oor 'n kontrak wat die volgende bepaal:

AERP 11

- (a) elke party se afdwingbare regte betreffende die bate wat opgerig moet word;
- (b) die teenprestasie, indien daar is, wat geruil moet word; en
- (c) die wyse en voorwaardes van vereffening.

Dit is gewoonlik ook vir die entiteit nodig om 'n doeltreffende interne finansiële begroting- en verslagdoeningstelsel te hê. Die entiteit gaan die ramings van kontrakinkomste en kontrakkoste na, en hersien dit indien nodig namate die kontrak vorder. Die behoefte aan sulke hersienings dui nie noodwendig daarop dat die uitkoms van die kontrak nie betroubaar geraam kan word nie.

- .43 Die stadium van voltooiing van 'n kontrak kan op verskillende maniere bepaal word. Die entiteit gebruik die metode wat die dienste wat gelewer is, betroubaar meet. Na gelang van die aard van die kontrak kan die metodes die volgende insluit:

- (a) die verhouding van kontrakkoste aangegaan vir werk wat tot op hede uitgevoer is tot die geraamde totale kontrakkoste;
- (b) opnames van werk wat uitgevoer is; of
- (c) voltooiing van 'n fisiese deel van die kontrakwerk.

Vorderingsbetalings en voorskotte wat van kliënte ontvang word, weerspieël dikwels nie die dienste wat gelewer is nie.

- .44 Wanneer die stadium van voltooiing vasgestel word met verwysing na die kontrakkoste wat tot op hede aangegaan is, word slegs daardie kontrakkoste wat werk toon wat wel uitgevoer is, ingesluit in koste wat tot op hede aangegaan is. Voorbeelde van kontrakkoste wat uitgesluit word, is die volgende:

- (a) kontrakkoste wat op toekomstige bedrywighede ingevolge die kontrak betrekking het, soos koste van materiaal wat by 'n kontrakterrein afgelewer word of eenkant gehou word vir gebruik ten opsigte van 'n kontrak maar nog nie tydens kontrakuitvoering geïnstalleer, gebruik of aangewend is nie, tensy die materiaal spesiaal vir die kontrak vervaardig is; en
- (b) vooruitbetalings aan subkontraakteurs vir werk wat nog ingevolge die subkontrak uitgevoer moet word.

- .45 Wanneer die uitkoms van 'n konstruksiekontrak nie betroubaar geraam kan word nie:**

- (a) moet inkomste slegs erken word in die mate waarin kontrakkoste wat aangegaan is, waarskynlik verhaalbaar sal wees; en**
- (b) moet kontrakkoste as 'n uitgawe erken word in die tydperk waarin dit aangegaan is.**

'n Verwagte tekort op 'n konstruksiekontrak waarop paragraaf .49 van toepassing is, moet ooreenkomstig paragraaf .49 onmiddellik as 'n uitgawe erken word.

- .46 Gedurende die vroeë stadiums van 'n kontrak gebeur dit dikwels dat die uitkoms van die kontrak nie betroubaar geraam kan word nie. Desnieteenstaande mag dit waarskynlik wees dat die entiteit die kontrakkoste wat aangegaan is, sal terugverhaal. Derhalwe word kontrakinkomste slegs erken in die mate waartoe koste wat aangegaan is na verwagting verhaalbaar is. Aangesien die uitkoms van die kontrak nie betroubaar geraam kan word nie, word geen surplus of tekort erken nie. Maar selfs al kan die uitkoms van die kontrak nie betroubaar geraam word nie, kan dit waarskynlik wees dat die totale kontrakkoste die totale kontrakinkomste oorskry. In sodanige gevalle word enige verwagte oorskot van die totale kontrakkoste oor die totale kontrakinkomste vir die kontrak onmiddellik ooreenkomstig paragraaf .49 as 'n uitgawe erken.
- .47 Indien kontrakkoste wat deur partye by die kontrak terugbetaal moet word, waarskynlik nie verhaalbaar is nie, word dit onmiddellik as 'n uitgawe erken. Voorbeelde van omstandighede waarin die verhaalbaarheid van kontrakkoste wat aangegaan is, onwaarskynlik kan wees en waarin kontrakkoste onmiddellik as 'n uitgawe erken moet word, is kontrakte:
- (a) wat nie ten volle afdwingbaar is nie, dit wil sê hul geldigheid moet ernstig bevraagteken word;
 - (b) waarvan die voltooiing onderhewig is aan die uitkoms van hangende gedingvoering of wetgewing;
 - (c) wat betrekking het op eiendomme wat waarskynlik onbewoonbaar verklaar of onteien sal word;
 - (d) waar die kliënt nie in staat is om sy verpligtinge na te kom nie; of
 - (e) waar die kontrakteur nie in staat is om die kontrak af te handel of andersins sy verpligtinge ingevolge die kontrak na te kom nie.
- .48 Sodra die onsekerhede wat voorkom het dat die uitkoms van die kontrak betroubaar geraam word, nie meer bestaan nie, word inkomste en uitgawes wat met die konstruksiekontrak verband hou, eerder ooreenkomstig paragraaf .35 as ooreenkomstig paragraaf .45 erken.

Erkenning van verwagte tekorte

- .49 By konstruksiekontrakte waarin dit by die aanvang van die kontrak die bedoeling is dat kontrakkoste ten volle van die partye by die***

AERP 11

konstruksiekontrak verhaal moet word, terwyl dit waarskynlik is dat die totale kontrakkoste die totale kontrakinkomste sal oorskry, moet die verwagte tekort onmiddellik as 'n uitgawe erken word.

- .50 Entiteite kan konstruksiekontrakte aangaan waarin gespesifiseer word dat die inkomste wat bedoel is om die konstruksiekoste te dek, deur die ander partye by die kontrak voorsien sal word. Dit kan byvoorbeeld voorkom waar:
- (a) entiteite wat grootliks van bewilligings of vergelykbare toewysings van regeringsinkomste afhanklik is om hul bedrywighede te finansier, ook bemagtig word om kontrakte met SSO's of privaatsektorentiteite te sluit vir die konstruksie van bates op 'n kommersiële of volkoste-verhalingsgrondslag; of
 - (b) entiteite met mekaar sake doen op 'n armlengte- of kommersiële grondslag soos wat kan gebeur ingevolge 'n "koper-voorsiener-" of soortgelyke staatsmodel.
- In hierdie gevalle word 'n verwagte tekort op 'n konstruksiekontrak onmiddellik ooreenkomstig paragraaf .49 erken.
- .51 Soos in paragraaf .14 opgemerk, kan 'n entiteit in sommige gevalle 'n konstruksiekontrak aangaan vir minder as volle kosteverhaling van die ander partye by die kontrak. In sulke gevalle sal befondsing wat die befondsing wat in die konstruksiekontrak gespesifiseer word, oorskry, uit 'n bewilliging of ander toewysing van staatsfondse aan die kontrakteur voorsien word, of uit meerdoelige toekenning van derdeparty-befondsingsagentskappe of ander regerings. Die vereistes in paragraaf .49 is nie op hierdie konstruksiekontrakte van toepassing nie.
- .52 By die bepaling van enige tekortbedrag waarna in paragraaf .49 verwys word, kan die totale kontrakinkomste en totale kontrakkoste betalings insluit wat ooreenkomstig paragraaf .27 en .30 regstreeks deur derdeparty-befondsingsagentskappe aan subkontraakteurs gemaak is.
- .53 Sodanige tekortbedrag word bepaal ongeag:
- (a) of werk aan die kontrak 'n aanvang geneem het al dan nie;
 - (b) die stadium van voltooiing van kontrakbedrywigheid; of
 - (c) die surplusbedrae wat na verwagting op ander kommersiële konstruksiekontrakte sal ontstaan wat nie ooreenkomstig paragraaf .19 as 'n enkele konstruksiekontrak behandel word nie.

Veranderinge in ramings

- .54 Die persentasie-van-voltooiing-metode word in elke verslagdoeningstydperk op 'n kumulatiewe grondslag op die huidige ramings van kontrakinkomste en kontrakkoste toegepas. Derhalwe word die uitwerking van 'n verandering in die raming van kontrakinkomste of kontrakkoste, of die uitwerking van 'n verandering in die raming van die uitkoms van 'n kontrak, rekeningkundig verantwoord as 'n verandering in die rekeningkundige raming (kyk die Standaard van AERP oor *Rekeningkundige Beleide, Veranderinge in Rekeningkundige Ramings en Foute*). Die veranderde ramings word gebruik in die vasstelling van die inkomstebedrag en uitgawes wat erken word in surplus of tekort in die tydperk waarin die verandering gemaak word en in daaropvolgende tydperke.

Openbaarmaking

- .55 ***Die entiteit moet die volgende openbaar maak:***
- (a) die kontrakinkomstebedrag wat in die tydperk as inkomste erken word;***
 - (b) die metodes wat gebruik word om die kontrakinkomste in die tydperk te bepaal; en***
 - (c) die metodes wat gebruik word om die stadium van voltooiing van onvoltooide kontrakte te bepaal.***
- .56 ***Vir onvoltooide kontrakte moet 'n entiteit elkeen van die volgende op die verslagdoeningsdatum openbaar maak:***
- (a) die totale bedrag van die koste aangegaan asook die erkende surplusse (min erkende tekorte) tot op datum;***
 - (b) die voorskotbedrag ontvang; en***
 - (c) die retensiegeld.***
- .57 Retensiegeld is vorderingsbetalings wat nie betaal word alvorens daar aan die voorwaardes wat in die kontrak vir die betaling van sodanige bedrae gespesifiseer word, voldoen is nie, of voordat gebreke reggestel is nie. Vorderingsbetalings is kontrakinkomstebedrae wat gefaktureer word vir werk wat op 'n kontrak uitgevoer is, ongeag of dit deur die kliënt betaal is al dan nie. Voorskotte is kontrakinkomstebedrae wat deur die kontrakteur ontvang word voordat die betrokke werk uitgevoer is.
- .58 ***'n Entiteit moet die volgende aantoon:***
- (a) die bruto bedrag wat deur kliënte verskuldig is vir kontrakwerk as 'n bate; en***
 - (b) die bruto bedrag wat aan kliënte verskuldig is vir kontrakwerk as 'n***

las.

- .59 Die bruto bedrag wat deur kliënte vir kontrakwerk verskuldig is, is die netto bedrag van:
- (a) koste aangegaan plus erkende surplusse; min
 - (b) die som van erkende tekorte en vorderingsbetalings vir alle onvoltooide kontrakte waarvoor die koste aangegaan is plus erkende surplusse wat by wyse van kontrakinkomste (min erkende tekorte) verhaal moet word, die vorderingsbetalings oorskry.
- .60 Die bruto bedrag wat deur kliënte verskuldig is vir kontrakwerk, is die netto bedrag van:
- (a) koste aangegaan plus erkende surplusse; min
 - (b) die som van erkende tekorte en vorderingsbetalings vir alle onvoltooide kontrakte waarvoor vorderingsbetalings die koste aangegaan plus erkende surplusse wat by wyse van kontrakinkomste (min erkende tekorte) verhaal moet word, oorskry.
- .61 Riglyne oor die openbaarmaking van voorwaardelike laste en voorwaardelike bates kan aangetref word in die Standaard van AERP oor *Voorsienings, Voorwaardelike Laste en Voorwaardelike Bates*. Voorwaardelike laste en voorwaardelike bates kan voortspruit uit items soos waarborgkoste, eise, boetes of moontlike verliese.

Oorgangsbepalings

Aanvanklike aanvaarding van die Standaarde van AERP

- .62 ***Die oorgangsbepalings wat by die aanvanklike aanvaarding van hierdie Standaard deur entiteite toegepas moet word, word in ('n) lasgewing(s) voorgeskryf. Die bepalinge van hierdie Standaard moet met elke toepaslike lasgewing saamgelees word.***

Wysigings aan die Standaarde van AERP

- .63 ***Enige wysigings aan die Standaarde van AERP moet terugwerkend toegepas word ooreenkomstig die Standaard van AERP oor Rekeningkundige Beleide, Veranderinge in Rekeningkundige Ramings en Foute.***

Datum van inwerkingtrede

Aanvanklike aanvaarding van die Standaarde van AERP

- .64** *'n Entiteit moet hierdie Standaard van AERP toepas vir finansiële jaarstate wat tydperke dek wat begin op of ná 'n datum wat deur die Minister van Finansies bepaal word in 'n regulasie wat ooreenkomstig artikel 91(1)(b) van die Wet op Openbare Finansiële Bestuur Wet No. 1 van 1999, soos gewysig, publiseer sal word.*

Entiteite wat reeds Standaarde van AERP toepas

- .65** *'n Entiteit moet wysigings aan hierdie Standaard van AERP toepas vir finansiële jaarstate wat tydperke dek wat op of ná 1 April 2015 begin. Vroeëre toepassing word aangemoedig. Indien 'n entiteit hierdie wysigings vir 'n tydperk toepas wat voor 1 April 2015 begin, moet hierdie feit openbaar gemaak word.*

Herroeping van die Standaard van AERP oor Konstruksiekontrakte (2006)

- .66** Hierdie Standaard vervang die Standaard van AERP oor *Konstruksiekontrakte* wat in 2006 uitgegee is.

Vergelyking met die International Public Sector Accounting Standard oor *Construction Contracts* (Julie 2001)

Die Standaard van AERP oor *Konstruksiekontrakte* (AERP 11) is hoofsaaklik ontleen aan die International Public Sector Accounting Standard (IPSAS 11), *Construction Contracts*. Die belangrikste verskille tussen AERP 11 en IPSAS 11 is soos volg:

- Die omvang van die Standaard is duideliker gemaak deur die byvoeging van paragraaf .06.
- Hierdie Standaard het veranderinge opgeneem wat die IASB aan IAS 11 oor *Construction Contracts* aangebring het as deel van sy verbeterings aan IFRS'e (2008).
- Bykomende kommentaar is by AERP 11 ingesluit om te verduidelik wanneer 'n kontrak 'n konstruksiekontrak is en wanneer 'n entiteit as 'n kontrakteur optree.
- Oorgangsbepalings wat op hierdie Standaard van toepassing is, word anders hanteer as in IPSAS 11.
- Die bylaes met voorbeelde van openbaarmaking van rekeningkundige beleide, die vasstelling van kontrakinkomste en -uitgawes en kontrakopenbaarmakings is uit hierdie Standaard geskrap.